higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N620**(A)**(J4)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

4 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Bestee nagenoeg 35 minute aan elke vraag en vyf minute aan leeswerk.
6. Neem kennis van die puntetoekenning as riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING VAN KUNSWERKE

1.1 Bestudeer die volgende illustrasie aandagtig en beantwoord die vrae:

ILLUSTRASIE A



[Bron: *https://bringingbeautyhome.com/tag/paul-gauguin]*

Paul Gauguin, *Nagkafee by Arles*, olie op doek, 1888

1.1.1 Watter stemming beeld die kunstenaar hier uit? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.1.2 Watter doel het die posisionering van madame Ginoux in die komposisie? (2)

1.1.3 Ontleed die uitdrukking op madame Ginoux se gesig. (3)

1.1.4 Hoe skep die kunstenaar 'n gevoel van diepte in hierdie kunswerk? (3)

Kopiereg voorbehou

1.2

ILLUSTRASIE B



[Bron: *https://za.pinterest.com/pin/539657967825037251/*]

Emile Nolde, *Die profeet,* houtsnee, 1912

ILLUSTRASIE C



[Bron: *https://za.pinterest.com/alexandercoorey/renaissance-christian-art*]

Masaccio, *Die synsgeld* (detail), fresko, 1420's

1.2.1 Die onderwerp van albei kunswerke is Jesus Christus.

Vergelyk die kunswerke betreffende die volgende:

(a) Medium en tegniek (4)

(b) Toonwaarde en kontras (2)

1.2.2 Hoe beïnvloed die medium wat elke kunstenaar gebruik het, die emosionele reaksie op die werke? (4)

1.3 **ILLUSTRASIE D**



[Bron: *https://mygreatwar.com/2013/03/20/the-survivors/]*

Käthe Kollwitz, *Die oorlewendes*, houtskoolplakkaat, 1923

1.3.1 Wat dink jy is die rol van die vrou in die middel? Gee redes vir jou antwoord. (4)

1.3.2 Vergelyk die uitdrukking op haar gesig met dié van die kinders. (3)

1.3.3 Bespreek die medium en tegniek wat gebruik is. (3)

1.4 Bestudeer ILLUSTRASIE E aandagtig.

ILLUSTRASIE E



[Bron: *https://en.wikipedia.org/wiki/The_Ballet_Class_(Degas,_Musée_d%27Orsay*)]

Edgar Degas, *Die dansklas*, olie op doek, 1873

1.4.1 Wat is die fokuspunt? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.4.2 Hoe word perspektief in hierdie kunswerk bewerkstellig? (3)

1.4.3 Bespreek die komposisie van die skildery. (5)

[40]

EN/OF

VRAAG 2: PREHISTORIESE EN VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS

Beantwoord VRAAG 2.1 **OF** VRAAG 2.2.

2.1 Prehistoriese kuns

2.1.1 Gee die korrekte terminologie vir elk van die volgende:

(a) Bedrieërsgodheid van die San

(b) Skilderye op ’n rotsoppervlak

(c) Kop van ’n man met die liggaam van ’n eland

(d) Iemand wat in ’n staat van beswyming ingaan

(e) Graveerkuns op ’n rotsoppervlak

(5 × 2) (10)

2.1.2 Noem VYF redes waarom prehistoriese mense kunswerke geskep het. (5 × 2) (10)

2.1.3 Beskryf EEN grafeerkunswerk en EEN skildery wat jy bestudeer het.

Sluit die volgende in:

(a) Naam van kunswerk

(b) Gebied waar dit voorkom

(c) Onderwerp

(d) Tegniek

(10 × 2) (20)
[40]

OF

2.2 **Vroeë tradisionele Suid-Afrikaanse kuns**

Kies EEN van die volgende kunstenaars en bespreek minstens TWEE van hul werke met verwysing na invloede, kenmerke, tegnieke en onderwerpe:

2.2.1 Irma Stern

2.2.2 Thomas Baines

2.2.3 Gerard Bhengu

2.2.4 Thomas Bowler

2.2.5 Enige ander Suid-Afrikaanse kunstenaar wat jy bestudeer het

(20 × 2) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Beantwoord VRAAG 3.1 **OF** VRAAG 3.2.

3.1 **Hindoe-kuns**

Bespreek die manier waarop mense- en dierevorms in Hindoe-kunswerke uitgebeeld word.

Verwys na TWEE kunswerke om jou antwoord te illustreer. (20 × 2) **[40]**

OF

3.2 **Islamitiese kuns**

Anders as in Hindoe-kuns is Islamitiese kunstenaars nie toegelaat om óf mense- óf dierevorms uit te beeld nie. Hierdie kunswerke het meer op dekoratiewe vorms gekonsentreer.

Verwys na TWEE kunswerke of voorbeelde van argitektuur wat tipies van hierdie styl is.

(20 × 2) **[40]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Verduidelik elkeen van die volgende terme:

4.1.1 Hiërogliewe (3)

4.1.2 Boek van die Dooies (3)

4.1.3 Sfinks (2)

4.1.4 Cartouche (2)

4.2 Identifiseer elkeen van die volgende Antieke Egiptiese gode:

4.2.1 God met die kop van ’n jakkals

4.2.2 God met die kop van ’n valk

4.2.3 God van die onderwêreld

4.2.4 Godin van waarheid en geregtigheid

4.2.5 Songod

(5 × 1) (5)

4.3 Verduidelik die belangrikheid van geografiese faktore vir Antieke Egipte. (5)

4.4 Noem die DRIE Piramides van Giza. (3)

4.5 Bespreek die grootste piramide met verwysing na die argitektuur en doel daarvan. (7)

4.6 Bespreek die belangrikheid van godsdiens in Antieke Egiptiese kunswerke deur na EEN skildery of beeldhouwerk te verwys. (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Verduidelik hoe die maatskaplike invloed op die ontwikkeling van kuns in Antieke Griekeland ingewerk het. (5)

5.2 Verduidelik elkeen van die volgende terme:

5.2.1 Terracotta (1)

5.2.2 Krater (2)

5.2.3 Kouros (2)

5.3 Bespreek Antieke Griekeland se argitektuur deur na 'n voorbeeld te verwys.

Verwys na die volgende:

5.3.1 Kolomme

5.3.2 Ordes

5.3.3 Friese

(10)

5.4 Bespreek die belangrikheid van die mensefiguur as onderwerp in beeldhouwerk. Verwys na TWEE voorbeelde. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Bespreek enkele van die bydraes wat die Antieke Romeiners tot die konstruksie van geboue gelewer het. (10)

6.2 Hoe het die sosiopolitiese faktore in Antieke Rome die vraag na kunswerke beïnvloed? (10)

6.3 Bespreek EEN gebou uit die Antieke Romeinse of Vroeë Christelike Era breedvoerig. (20)
[40]

EN/OF

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Bespreek EEN gebou uit die Romaanse of Gotiese Era breedvoerig. (10)

7.2 Beskryf die effek van brandskilderglasvensters in 'n kerk. Verduidelik die brandskildertegniek in jou bespreking. (10)

7.3 Die Chartres-katedraal is 'n tipiese voorbeeld van 'n Gotiese katedraal.

Bespreek hierdie katedraal, en enige ander katedraal wat jy bestudeer het, met verwysing na die stylkenmerke daarvan. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCE-KUNS

8.1 Omskryf elkeen van die volgende terme:

8.1.1 Neoplatonisme

8.1.2 Fresko

8.1.3 Gilde

8.1.4 Veelweter ('Polymath')

8.1.5 Sfumato

(5 × 2) (10)

8.2 Bespreek EEN skildery uit die Vroeë Renaissance. Verwys na die invloed daarvan op die Hoë Renaissance-kunstenaars. (10)

8.3 Renaissance-kunstenaars was om hul innoverende tegnieke bekend. Ontleed die kunswerke van TWEE Hoë Renaissance-kunstenaars, met spesifieke verwysing na die volgende:

8.3.1 Komposisie

8.3.2 Tegniek

(10 × 2) (20)
[40]

EN/OF

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: BAROKKUNS

9.1 Wat beteken die term *barok*? (2)

9.2 Is dit ’n toepaslike naam vir die genre? Gee redes vir jou antwoord. (3)

9.3 Bespreek die styl- en ikonografiese kenmerke van barokkuns. (10)

9.4 Hoe het die Katolieke barok van dié van die Protestante verskil? (5)

9.5 Ontleed die kunswerke van enige TWEE barokkunstenaars wat tipies van die beweging was.

(10 × 2) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIESE KUNS, NEOKLASSISISME EN REALISME

Kies TWEE van die bewegings wat hier bo genoem word en bespreek EEN kunswerk uit elkeen.

Bespreek dit onder die volgende opskrifte:

10.1 Sosiopolitiese invloede op die onderwerp

10.2 Komposisie

10.3 Kleur en tegniek

10.4 Invloede

(2 × 20) **[40]**

TOTAAL VIR AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou